## NUUSBRIEF VAN DIE POLITIEKE ARGIEF*

Die doel van hierdie nuusbrief is om aan die „buite-wêreld" 'n beeld te gee van wat in die Politieke Argief aangaan; die aandag te vestig op die doel, die metodes en die nut van die Politieke Argief, en om die motiewe vir die stigting van die Politieke Argief en die vordering wat tot dusver gemaak is, bekend te stel.

Die hieropvolgende uitgawes van die nuusbrief, wat nie noodwendig op vasgestelde tye sal verskyn nie, sal hoofsaaklik daarop gerig wees om aan lesers inligting te gee aangaande die dokumente wat in die Politieke Argief gehuisves word, die werking en die metodes van die Argief, en die vordering wat gemaak word. Nie alleen is dit die hoop om hierdeur die belangstelling van baie mense te prikkel nie, maar ook en veral is dit die strewe dat hierdie nuusbrief daartoe sal bydra dat die publiek se bewaringsbewussyn t.o.v. geskiedkundige bronne verskerp sal word en sodoende daartoe sal meewerk om ons politieke erfenis te bewaar.

*Hoekom 'n Politieke Argief?*

Hierdie vraag word dikwels gevra. Die teenvraag is egter: Hoekom nie? — as 'n mens daaraan dink dat daar staatsargiewe, kerklike argiewe, militêre argiewe en verlerlei ander argiewe in die hedendaagse samelewing aangetref word.

Die hoofdoel en -taak van die Politieke Argief is die versameling en bewaring van private dokumente met betrekking tot die politieke geskiedenis van Suid-Afrika in 'n neutrale, sentrale bewaarplek, in 'n argief waar lede van alle politieke partye met vrymoedigheid hul stukke vir navorsingsdoeleindes beskikbaar kan stel, en waar elke skenking volgens die wense van die skenker, hetsy persoon of party of instansie behandel word.

Voor die stigting van die Politieke Argief (in November 1964), was daar geen organisasie wat hom doelbewus en uitsluitlik op die bewaring van private dokumente van politici en politieke partye toegespits het nie. Wel het sekere politici hul dokumente aan inrigtings soos die Staatsargiewe en biblioteke laat toekom, dog wat op dié wyse bewaar gebly het, is maar 'n druppel in die emmer van wat dit kon gewees het.

Beskikbare dokumente en versamelings het gevolglik wyd verspreid op verskeie plekke oor die hele Suid-Afrika beland. Vir navorsers het dit geweldige probleme ingehou, want dit kos baie aan geld en tyd om van plek tot plek te reis om sodanige stukke ter insae te kry. Boonop was baie stukke nog ongeorden, en was baie versamelings gevolglik ontoeganklik vir navorsers. Saam met die skaarste aan voldoende dokumente, het hierdie faktore 'n geweldige stremming op navorsing oor Suid-Afrika se politieke geskiedenis geplaas. Terwyl Suid-Afrikaanse historici hul steeds besig gehou het met gebeure uit die vorige eeue, is dit aan joernaliste

* Die Politieke Argief is deur die Departement Geskiedenis aan die U.O.V.S. in die lewe geroep.

en sg. „wetenskaplikes" of „kenners", meestal uit die buiteland, oorgelaat om die kontemporêre (eietydse) politieke gebeure in Suid-Afrika te boek te stel. By gebrek aan ander gesaghebbende bronne word hierdie werke, dikwels oppervlakkig en meestal baie eensydig, as standaard-werke aanvaar.

'n Doeltreffende, wetenskaplik-georiënteerde bewaarplek vir dokumente, waar onmiddellike aandag aan sodanige stukke gegee kan word, is 'n absolute noodsaaklikheid vir sowel navorsers as vir persone of instansies wat sodanige stukke wens te bewaar. In hierdie opsig bied die Politieke Argief 'n baie waardevolle diens, aangesien dit tyd- en geldverskwistend sou wees indien bv. elke provinsiale kantoor van elke politieke party 'n eie argief op die been wil bring.

Samevattend kan gesê word dat die Politieke Argief in die lewe geroep is om te voorsien in die behoefte aan 'n eiesoortige, neutrale en sentrale bewaarplek vir private politieke stukke, nie alleen om die bewaring van sodanige stukke te stimuleer nie, maar ook om dit vir navorsingsdoeleindes diensbaar te stel en sodoende die wetenskaplike geskiedskrywing te bevorder.

*Wat tot dusver bereik is*

Te midde van groot en skouspelagtige vordering wat die afgelope drie jaar gemaak is, is die uitstaande resultate in hierdie stadium die houding wat verskillende politieke partye en hul leiers t.o.v. die Politieke Argief inneem. Byna deur die bank word die Politieke Argief deur die provinsiale kantore van die verskillende politieke partye van inligtingsmateriaal deur hulle uitgegee, voorsien, en is die party-amptenare oor die algemeen baie tegemoetkomend en behulpsaam.

Die Politieke Argief dien tans ook as die amptelike bewaarplek van die dokumente van drie van die vyf provinsiale kantore van die Nasionale Party en van die Nasionale Jeugbond van Transvaal. Onderhandelings is aan die gang om ook die stukke van ander partykantore van die Nasionale Party, die Verenigde Party in sy geheel en moontlik ook die Progressiewe Party en ander partye in die Politieke Argief te sentreer. Die vrees dat enige party se stukke dalk deur politieke opponente vir eie doeleindes uitgebuit sal word, word uitgeskakel deur die feit dat elke party of partykantoor sy eiendomsreg oor die stukke behou en ook finale seggenskap het t.o.v. die beskikbaarstelling van sy stukke aan navorsers.

Die Politieke Argief beskik verder oor waardevolle dokumente van die Afrikaner Party, die O.B., die Nuwe Orde, die Front, die Gryshemde en talle kleiner politieke groepe.

Ook t.o.v. private versamelings van leidende politieke figure, is skouspelagtige vordering gemaak. Waardevolle skenkings en beloftes van skenkings sluit o.a. die versamelings van wyle dr. H. F. Verwoerd, adv. C. R. Swart, dr. Eric Louw, wyle dr. Otto du Plessis, wylde dr. E. G. Jansen, mev. M. M. Jansen, wyle mnr. J. J. Serfontein, wyle dr. Abraham Jonker, oud-regter Leslie Blackwell, sen. L. T. Weichardt („Gryshemde"), wyle dr. Tommy Boydell, oud-sen. G. L. Henderson, wyle min. C. W. Malan, wyle mnr. Jan Brand Wessels, L.V., wyle sen. Seef van Rensburg,

wyle mnr. Brückner de Villiers, L.V., mnr. J. van S. von Moltke, oud-L.V., mnr. Bailey Bekker, oud-L.V., sen. C. A. van Niekerk, mnr. F. E. Mentz, oud-L.V., mnr. Gerhard Bekker, oud-L.V., wyle adv. F. C. Erasmus, en vele andere in.

Onder die persone wat die Politieke Argief se saak goedgesind is, en/of wat reeds hul dokumente in die openbaar aan die Argief beloof het, tel o.a. die huidige Eerste Minister, mnr. B. J. Vorster, die Administrateurs van Natal en Suidwes onderskeidelik, nl. mnre. T. Gerdener en W. C. du Plessis, Ministers, Volksraadslede, Senatore, joernaliste en oud-joernaliste, ens.

Al hierdie skenkings, beloofde skenkings en goedgesindheid is nie alleen voldoende bewys vir die behoefte wat aan so 'n inrigting bestaan nie, maar dit waarborg ook die suksesvolle voortbestaan daarvan.

## JAARVERGADERING VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Die jaarvergadering van die Transvaalse Afdeling van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* word vanjaar op Alberton gehou.

Die plaaslike komitee beplan daar 'n byeenkoms op Dinsdagaand 15 Oktober. Daar sal ook sang- en praatkore wees. 'n Poging word ook aangewend om 'n historiese tablo op die verhoog te bring.

Op Saterdagoggend 19 Oktober sal daar 'n byeenkoms wees waar prof. dr. G. Jordaan van die Nasionale Onderwysadviesraad moontlik 'n toespraak sal lewer. Prof. dr. J. S. du Plessis sal praat oor die vakkeuse in st. 9 en 10 na aanleiding van die vakvereistes van die Gemeenskaplike Matrikulasie Raad. Dr. J. J. van Heerden, Inspekteur van Onderwys, sal aspekte van die onderrig van Geskiedenis in die hoër- en laerskole toelig.

Die Jaarvergadering van die Federale Hoofbestuur vind vanjaar op 14 September in Durban plaas.